# Tharina Botha



40 jaar later…

Ek is terug in Centurion, steeds single, baie sexy (🤨 😛 😁), en ek het twee woefling-kinders.

Na matriek het ek by RAU begin saam met 'n handjievol ander Woeries. Ek was 'n "baie goeie student" – ek het student-wees so geniet dat ek my 4-jaar kursus in Optometrie oor 5 jaar voltooi het. 🤭

Na ’n paar jaar se werk het ek en ’n Optom-pel besluit om Afrika te verken. Ons het vir 3 jaar gespaar en oortyd gewerk sonder vakansies, totdat ons genoeg gehad het om ’n ou Series 2 Land Rover te koop. Ons het bedank en drie maande lank deur Oos-Afrika gereis – vol avonture en ons het wonderlike mense ontmoet. Vir my was die belangrikste les uit daardie reis die krag wat drome dra – as ons nie groot gedroom het nie, sou ons dit nooit gedoen het nie.



Kort daarna het ek in Engeland gaan werk. Daar het ek op my fiets die wêreld verken. Ek het spesifiek puffins gaan soek, en ook Noord-Afrika en Europa besoek. Ek was daar vir ’n somer, ’n winter en nog ’n somer … toe keer ek terug huis toe, want daardie eerste winter was net té koud vir my Afrika-bloed!



Vir die afgelope amper 6 jaar is ek vennoot by Spec-Savers Woodlands in Pretoria-Oos, waar ek al ’n paar bekende Woerie-gesigte gesien het.

Na ek uit Engeland terugkom het, het ek ’n wonderlike kerk gevind waar die Here dit wat stukkend en gebroke was ná ’n aanranding genees en nuwe rigting gegee het. Ek is nou al 20 jaar daar, en dis my vreugde en passie om dissipel te word en dissipels te maak. Ná baie jare van mens-sku wees, het ek vrede en vryheid gevind in my groter roeping.

Nog ’n groot vreugde vir my is tuinmaak (al lyk my tuin glad nie soos die fotos wat ek van Sonja of Kobus Oosthuizen se tuine sien nie 🌱 😂) … en natuurlik, koffie!

Ek sien vreeslik uit om ons 85 Woeries weer te sien en saam te kuier en onthou.

